# Die Matie

TWEEWEEKLIKSE STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT

Jaargang XXXVIII Nr. 5 — UITGEGEE ONDER BESKERMING VAN DIE SR — DONDERDAG, 13 MEI 1982




SARITA HAUPTFLEISCH, Hendrik Verwoerd en Tessa Middleton, SR-lede van Stellenbosch, is dit eens dat hulle werk nie net polities ingestel hoef te wees nie . . .

# Militarisasie-sprekers bots

DIE mees dramatiese teken van groeiende militarisering in Suid-Afrika is die nuwe Verdedigingswetsontwerp wat onlangs deur genl. Magnus Malan, Minister van Verdediging, ingedien is.

Dit was die standpunt van eerw. Douglas Bax van die Congregational Church in Rondebosch by 'n vergadering wat onlangs op Stellenbosch gehou is, ingeneem het. Mnr. Anton van Niekerk, 'n dosent in Filosofie aan die Universiteit van Stellenbosch, was die ander spreker. Omtrent 45 studente het die vergadering, wat deur POLSTU-Stellenbosch gereël is, bygewoon.

### ANALISE

Die onderwerp onder bespreking was "Die morele implikasies van die toenemende militarisasie in Suid-Afrika". Mnr. Van Niekerk het begin deur hierdie formulering te analiseer. Hy het gemeen dat Suid-Afrika slegs gemilitariseer is in soverre meer en meer mense by die Suid-Afrikaanse Weermag betrek word. Hy glo nie dat Suid-Afrika 'n "militêr-beheerste samelewing" is, of aan die word is nie. Sy toespraak was vanuit hierdie



MNR. ANTON VAN NIEKERK

beperkte interpretasie van die onderwerp op die gehoor gerig. Hy het van die SAW gepraat as 'n "volksweermag" wat die land teen kommunistiese bedreiging verdedig.

Die weerman in die SAW is hiervolgens 'n persoon wat vir "vryheid, regverdigheid en vrede" veg deur 'n "veiligheidsambreel" oor die land te span.

Eerw. Bax het skerp hierteen gereageer. Hy het dit duidelik gestel dat mnr. Van Niekerk syns insiens onkundig is oor "wat in hierdie land aangaan". Die regering is nie, soos beweer is, "op die pad na strukturele hervorming" nie. Daar word afgestuur op 'n burgeroorlog in Suid-Afrika.



EERW. DOUGLAS BAX

# Bind Stellenbosch aan raamwerk

## *SP aanvaar politieke mosie*

Deur IAN THERON

'n POLITIEKE verklaring wat "die kernveranderlikes van ons politieke situasie raakvat" is as 'n mosie met 'n meerderheid van stemme op 'n sitting van die Studenteparlement (SP) van die Universiteit van Stellenbosch aanvaar.

Nick Barnardt, SR-lid vir politieke studies en voorsteller van die mosie, het die tweeuur-lange bespreking ingelei. In die proses is daar ook 'n mosie van afstand, wat deur Heemstede se kiesafdeling geïnisieer is, afgeweer.

Nick het gesê dat daar met dié mosie leiding aan alle Afrikaanse studente gegee kan word, maar dat Stellenbosch eerder daarmee sy plig gestand doen deur die idee waarvoor die Universiteit staan, te verwesenlik.

### DEBAT

'n Lewendige en geloofwaardige debat oor politieke denke word vir Stellenbosch in die vooruitsig gestel. Daarvoor is die verklaring 'n volledige raamwerk waarin politieke uitsprake gemaak kan word. Die relevansie daarvan word teen die agtergrond van die politieke debat binne die Presidentsraad bewys.

Nick het dit beklemtoon dat geen politieke maatreël of model tot 'n permanente beginsel verhef kan word nie. Daar moet voortdurend aangepas word by veranderende omstandighede, eise en geleenthede.

Politiek kan egter 'n instrument wees om die problematiese situasie binne Suid-Afrika te hanteer. Dit rig 'n uitdaging aan alle Afrikaners om geleenthede te skep waarin die eise van 'n ordelike, produktiewe en regverdige samelewing vergestalt word.

Die toenemende invloed van bruin- en swartmense op al die vlakke van die samelewing is 'n onaantasbare werklikheid. Effektiewe en volledige politieke inspraak is vir alle Suid-Afrikaners 'n vereiste en die deelname van alle bevolkingsgroepe op bestuursvlak kan nie veel langer uitgestel word nie.

Daar is 'n beroep gedoen op die Afrikaner om aan te pas by veranderde omstandighede sodat besluite in die toekoms sáám geneem kan word. Die behoud van effektiewe politieke seggenskap vir blankes, tesame met effektiewe medeseggenskap vir ander groepe, word as 'n voorvereiste vir die bereiking van die doelstellings soos in die mosie omskryf, gestel.

Deon Rossouw, SR-lid belas met verenigings en sekondant van die mosie, het gesê dat die verklaring die weg baan waarin "alle toekomstige politieke uitsprake gefundeer kan word."

Hy is van mening dat die SP daardeur die inisiatief neem om te voorkom dat daar agterna "blafgeluide" vanuit hulle geledere gehoor sal word.

### REGVERDIG

Die regverdigheidseis in belang van elke bevolkingsgroep is weer beklemtoon. Omdat regverdigheid die grootste beswaar teen die bestaande samelewing is, word dit die morele eis vir die toekoms.

Een van die besware teen die mosie was dat daar nie namens die Studente-unie gepraat word nie. Volgens bewering is min studente van die verklaring bewus en stem baie ook nie saam met die inhoud daarvan nie. Daar is gevoel dat die SP 'n meer konstruktiewe bydrae tot die landspolitiek kan maak deur praktiese en daadwerklike verandering, soos die oopstelling van die Universiteit, te bevorder.

Dit was veral Elmarie de Bruyn, SP-lid vir Heemstede, wat probeer het om 'n mosie van afstand deur te voer. Sy het daarop gewys dat die verklaring die Studente-unie bind om dáárvolgens besluite te neem, dat onduidelikhede in die mosie voorkom en dat die Unie nie oor die bestaansreg daarvan genader is nie.




INA REYNEKE agter die mikrofoon. Radio Matie-sokkies wen deesdae vinnig veld en direkte uitsendings word vanuit die ateljee gedoen.

## SPOOKHUIS:

# *Action gets prices down*

THE Spookhuis has won its case against the large rental price hikes introduced by its new owner, Mike van der Nest.

Acting on the demands of the Rent Board, Van der Nest dropped the average rental for single rooms from R70 to R60, and for double rooms from R47 to R38 per person, payable monthly.

The Board recommended, but did not demand, that the new prices be enforced retroactively. Instead of refunding the difference between what the occupants had already paid for the first semester and what the Board suggested they pay, Van der Nest decided to use part of this extra money to pay the occupants' electricity accounts. These used to be paid monthly by the occupants themselves.

The Board further stipulated that the owner and not the occupants must pay both the water accounts and the general municipal rates. Any future rental increase must first be submitted to the Board for approval.

Barry Stein, who with André Oberholzer initially approached the Board, said that students do not go to the Board because they are scared of losing their rooms. Both students almost lost their rooms in the Spookhuis when they refused to accept the large price hikes.

Encouraged by the success of their case, Barry Stein advised students not to be afraid of taking action against their landowners.

Van der Nest denied allegations that he was exploiting his lodgers. He said that recent rises in interest rates had compelled him to charge higher rents. When the Board determines rental prices, it takes the original purchasing price of the house into account, and does not consider the growing interest rates payable on loans made by the purchaser when buying the house.

Far from making on the deal, Van der Nest's property venture (he is still a student at the University) is running at a loss.


He noted that in cases where owners had purchased their property when interest rates were still relatively low, or in cases where owners had already paid off their loan, there could be no justification for charging high rentals.

According to him, all houses built before 1966 are 'controlled premises' falling under the Rent Board's jurisdiction. However, the Board only exercises its authority when approached by occupants who are exploited, and not of its own accord.



NEXT ATTRACTION

KNOCKDOWN

WATCH THIS SPACE




# *Embassies clash:*
# FALKLANDS, MALVINAS?




WHILE the roar of gunfire in the Battle for the Falkland Islands continues to reverberate around the world, the issue was brought nearer home when representatives of the British and Argentinian Governments were engaged in verbal conflict at a recent debate organised by SAAK.



MR JOHN HEDLEY . . . Argentina has broken international law.







MR OLIVA DAY . . . Argentina has improved Malvinas facilities.

Staged in the wake of Britains recapture of South Georgia Island, the debate attracted widespread interrest. The speakers were Mr John Hedley, British First Secretary (Press information) and the Argentinian Chargé d' Affaires, Mr Oliva Day.

### HISTORY

Speaking first, Mr Hedley anticipated the direction of the Argentinian argument and said it was pointless recalling history to justify the Argentinian seizure of the islands. Mr Hedley said that Britain had always been prepared to allow a neutral third party to arbitrate in the 150-year old dispute over the sovereignty of the islands.

Argentina had rejected this. Argentina had broken international law by its seizure of the desolate South Atlantic island group. The 1 800 islanders were in favour of remaining British and Britain would fight to see their wishes respected.

### DISPUTES

Mr Hedley argued that if Britain allowed Argentina to gain by its act of aggression, it would prompt the military resolution of the many localised territorial disputes in the world.

This would have catastrophic consequences for world peace.

In an at times emotionally charged address, which had those sitting near the speakers cowering, Mr Day said Britain could not merely dismiss its colonial past. By contrast, he said, Argentina had a clean record in international affairs.

Mr Day elaborated at length on the historical basis of Argentina's claim to the islands. He stressed the role Argentina had played in improving facilities on the Malvinas (Falkland) Islands. Britain had neglected the welfare of the islanders he said.

### PROPAGANDA

Mr Day lashed out at the South African Press, saying that it was an extension of the British propaganda system. He said he had agreed to talk at Stellenbosch because he "respected the Stellenbosch students".

The debate grew progressivly heated with the scope of the accusations leveled by the two speakers broadening to encompass unrelated issues like Argentinian human rights contraventions and British actions in the Anglo-Boer war.

### COMPROMISE

There appeared little room for compromise, with Mr Hedley stating that Britain would never appease the aggressive designs of a dictator and Mr Day declaring that Argentina would never relinquish its hold on the islands. Judging by the applause each speaker received, there was sympathy amongst the audience for both sides.

The large number of researched questions put to the two speakers during questioning time, demonstrated the extent of student interest in the Falklands crisis.

**F. TAYLOR**

## Koshuise kan nou kitsbestellings by Neelsie plaas

KOSHUISE kan saans gesamentlike bestellings vir kitskos by Neelsie plaas, het mnr. J. W. F. Treurnicht, bestuurder van die Langenhoven-studentesentrum, verlede week gesê.

Dit kan veral vir dames in koshuise tot voordeel wees. Hulle kan nou maklik later saans iets te ete bestel, wat uittogte na kafees in die dorp sal uitskakel. Dit sal die toenemende gevaar vir dames om saans alleen op straat te wees, verminder.

Koshuise is reeds oor hierdie geleentheid ingelig, maar geen reaksie is ontvang nie.

## Duitse professor oorlede

PROF. G. T. J. TRÜMPELMANN, bekende akademikus van Stellenbosch, is die naweek in die Karl Bremer-Hospitaal oorlede nadat hy die laaste paar maande hartprobleme gehad het.

### HOOGLERAAR

Prof. Trümpelmann (78) was van 1954 tot met sy aftrede in 1968 hoogleraar in Duits aan die Universiteit van Stellenbosch en het hierna drie jaar as hoof van die Duitse departement van die Universiteit van Wes-Kaapland waargeneem.

### SUIDWES

Hy het twee doktorale in Duits en in Geskiedenis verwerf en is deur die Akademie vir Wetenskap en Kuns met volle lidmaatskap vereer vir sy studie oor die geskiedenis van Suidwes en die Duitse letterkunde in Suid-Afrika.

Hy was die eerste Suid-Afrikaner wat die Goete-medalje ontvang het.

# *Die lewe as alternatief – mag Afrikaners verskil?*

"WAT bestaan in hierdie land, is gepleeg in ons — in my naam, in ons — mý taal. Hoewel ek dus niemand se afgevaardigde is nie behalwe my eie en die van my vlooie, wil en kan ek my nie distansieer van hierdie gemors nie".

Soos Breytenbach in 1973, wil vandag se Afrikaanssprekende student vasstel in watter mate Afrikaans as protesmedium 'n rol speel in die nasionale politieke taal.



BREYTEN BREYTENBACH

Die Sokratiese Vereniging reël weeklikse gespreksgroepe om sulke kwessies onder gespreklustige studente se aandag te bring. Die doel van die gespreksgroepe is om kwel vrae op 'n informele wyse te bespreek. Volgens die deelnemers is gevind dat hierdie "gedemokratiseerde tutoriaalklasse" die styfheid van die normale klassituasie omseil en individuele bydraes aanspoor.

Vroeër vanjaar is prof. André du Toit van die Departement van Staatsfilosofie se artikel "Facing up to the Future" onder sy leiding bespreek. Die posisie van die Afrikanerintellektueel in 'n veranderende Apartheidstaat het aanleiding tot die onderwerp "Afrikaans as Protestaal" gegee.

Het Afrikaans, as taal van die "onderdrukker", die morele reg om téén onderdrukking te protesteer? Praat Afrikaner-"afwykendes" namens of saam met progressiewe bewegings in Suider-Afrika?

### MISNOEË

Watter rol speel Afrikaans as protestaal — gaan dit slegs om die oordra van misnoeë met 'n politieke bestel, of speel die taal ook 'n opvoedkundige en bewusmakende rol?

Hoekom het Engels die politieke taal van die Swart jeug geword? Kan 'n blanke Afrikaner en 'n geradikaliseerde Bruinman dieselfde politieke woordeskat deel?

Hoekom vind Afrikaanssprekende vrouens dit moeilik om hulle seksuele identiteit in Afrikaans uit te druk?

### UITSTYG

Is Afrikaans onherroeplik in 'n verstikkende ideologie vasgevang of slaag die taal daarin om bo bestaande magstrukture uit te styg en in selfbevryding te ontplooi?

Antwoorde op hierdie vrae (indien enige) sal in die vereniging se blad, "Die Lewe as Alternatief", verskyn.

Die keuring vir deelname aan hierdie gespreksgroepe is streng, maar in ware Sokratiese gees, billik. — Gnothi seauton . . . (ken jouself).

HAUM
DIE STUDENT SE BOEK-WINKEL
TRUSTBANKGEBOU
ANDRINGASTRAAT
STELLENBOSCH 7680
POSBUS 343
TEL. 440 & 2906

It's SNATCH
Elke aand Maan. Sat. 8-?
Dis Pret en Plesier Dis Lekker!
Van gees NOU By
pebbles Unieke Dameskroeg
"Ladies Nite" Donderdag 27 Mei
AROMA Sands
KUSWEG STRAND
REG BY DIE SEE
TEL. (024) 3-3303
GASVRYHEID ★ VRIENDELIKHEID ★ VERSKEIDENHEID
LIQUOR PRICE SETTERS DRANKPRYS SETTERS
AROMA
LIQUOR PRICE SETTERS DRANKPRYS SETTERS
H/V MERRIMAN & ANDRINGASTRAAT
STELLENBOSCH
Vir persoonlike diens ☎ 7-1018
JOS VAN RENSBURG

Hierdie uitgawe van

# Die Matie

is tegnies versorg en gedruk deur

PDM
PPC

**PAARLSE DRUKPERS MPY (EDMS) BPK**
**PAARL PRINTING CO (PTY) LTD**

JAN VAN RIEBEECKWEG 7
✉ 248 PAARL 7620
☎ (02211) 2-3016

**Skakel ons**
**om kwotasies vir enige vorm van**
**drukwerk by (02211) 2-3016.**

*MUSIEKMARATHON:*

# Musicultus hou deurnagdiens in Conserve

TOE staan 'n bestuurslid eendag by 'n vergadering op, maak keel skoon om daarmee die verlangde stilte teweeg te bring en sê: "Kom ons hou 'n marathon."

Na die gebruiklike sekondes van stilswye wat op só 'n voorstel volg, het daar gilletjies van plesier uit die geledere van die Bestuur opgegaan en Reklame het dadelik aan die werk gespring.

Prof. R. H. Behrens, direkteur van die Konservatorium en ere-president van Musicultus, het sy entoesiasme vir die saak getoon. Hy het 'n klavier en 'n deel van die gebou vir die eksperiment beskikbaar gestel.

Van Donderdag, 22 April om kwart voor een tot Vrydag, 23 April om twee-uur was daar geen musieklose oomblik in die windportaal bokant die trappe van die fonteinplein nie. Die ligte etensuurkonsert van Elmien Jacobs voor 'n kitsgehoor, is voorafgegaan deur die marathon deur Cassie Carstens.

Enige soort musiek is aangebied om almal tevrede te stel. Elke halfuur was daar nuwe gesigte voor die klavier. Omstreeks middernag is 'n hoogtepunt bereik toe Alma Oosthuizen en Niël le Roux 'n onvergeetlike weergawe van "O Boereplaas" gespeel het en die gehoor daarna spontaan saam met die kunstenaars gesing het. "Swan Lake" is later deur twee belowende jong dansers op die stoep uitgevoer.

**LAFENIS**

Edward Aitchinson, dosent aan die Konservatorium het gesorg vir 'n lafenis vir die droë kele en lam bene. Teen vieruur het Kampusbeheer vir die eerste keer opgedaag om hulle te vergewis daarvan dat niks onwettigs op die perseel gebeur nie. Ná vyfuur het dit begin rustig word met vroegoggendklanke van Telemann en Mozart. Om twee-uur die Vrydag is die slotakkoorde gespeel, weer eens deur Cassie Carstens.

**DOEL**

Die doel van dié marathon was 'n reklameset om die kampus bewus te maak van Musicultus as vereniging. Die eksperiment het ook 'n aangename gees van samehorigheid onder musiekstudente tot gevolg gehad.



DIE sjampanjenooi-finaliste is (v.l.n.r.) Voor: Mariana Laubscher, Cara Meltzer, Imke Arndt, Rianne Kassier en Magdelize Poggenpoel. Agter is Wendy McAdams, Hanlie Beukes, Susan Radloff en Anneke Uys.

# *Huishoudkundiges kook vir die hele kampus*

HET jy lus om 'n slag kos te eet wat soos Ma s'n proe? Of om te ontspan oor 'n glasie wyn saam met 'n paar goeie vriende?

Of om aan te sit by tafels gedek met vars linne, blink eetgerei en sout-en-peperstelle, kleinbordjies, servette en blommerangskikkings en bedien te word in restaurantstyl?

Kom dan Vrydagmiddag vir 'n ete na die derde vloer van die Departement van Huishoudkunde.

Elke week berei twee groepe van die finalejaar-huishoud- en dieetkundestudente 'n interessante driegangmaaltyd voor, om praktiese ondervinding op te doen oor die aankoop, produksie en bediening van voedsel op groot skaal.

Alhoewel daar voorsiening gemaak word vir ongeveer vyftig mense word elke gereg op sy eie manier voorberei en so aantreklik as moontlik bedien. Die gebruiklike spyskaart sluit 'n voorgereg, hoofgereg met bykomstighede (gewoonlik 'n smullekker slaai), nagereg en koffie in. Soms word spesiale hamburgeretes, Duitse tradisionele geregte, ens. aangebied. Dit alles kos net R1,50 of R2,50.

Tafelbesprekings kan gedoen word en kaartjies is by "Navrae" op die grondvloer van die Huishoudkundigebou beskikbaar. Voornemende gaste word versoek om hul eie wyn te bring indien hulle dit verkies. Die spyskaart verskyn 'n week voor die tyd op 'n bord voor die Huishoudkundegebou.

Middagete is van halfeen tot halftwee op 'n Vrydagmiddag.





Slegs R2,75
(Kaartjies en besprekings by Navrae)
Bring asb. eie wyn.


## Huis Marais hou rekord-vergadering –

VERLEDE kwartaal het Huis Marais die langste huisvergadering tot nog toe gehou. Belangrike mosies, soos 'n "moontlike Ivan Burger-fonds", afskaffing van inkomtye in dameskoshuise en die oopstelling van koshuise is bespreek.

Drieuur die oggend is besef dat 'n rekord huisvergadering in sig is. Teen halfvyf moes daar manne op beddens ingedra word om 'n kworum te behou. Met die lui van die etensklok is die nuwe rekord, van nege uur en drie-en-dertig minute opgestel. Die vorige rekord, wat in 1974 opgestel was, was nege uur en nege minute.

# Helshoogte verjaar swierig

OP Vrydag, 14 Mei, hou Helshooste 'n verjaardagdinee ter viering van dié koshuis se negende bestaansjaar.

Volgens Johan Kellerman, voorsitter van die Dans- en Dineekomitee van die koshuis, beloof dit om 'n vreugdevolle en belowende aand te wees. Die tema is: "Romantic evening in Gatsby Style".

**KAARTJIES**

Na wat verneem word, het die huislede al entoesiasties begin kaartjies koop vir die geleentheid en dit lyk of die mense hulle regmaak vir 'n onvergeetlike aand.



MEV. C. FOURIE, die wenner van die motor-kompetisie, in gesprek met mnr. Johann Stander, 'n bekende fotograaf van Stellenbosch.

# *Kompetisiemotor na Durbanville*

HIER is die gelukkige pryswenners van die Karnaval-motorkompetisie:

*Mev. C. Fourie, Durbanville — Opel Kadet.*
*Mnr. D. van der Poel, Windhoek — R4 000,00 kontant.*
*Dr. P. Rimington, Langebaan — Pioneer Rondo 3000 Hoëtroustel.*

**Draagbare S/W TV-stelle:**

C. J. du Plessis, Kuilsrivier.
Mnr. M. G. Hosack, Somerset-Wes.
D. R. van der Merwe, Port Elizabeth.
Mnr. C. D. Lubbe, Macassar.
Mev. M. C. Kruger, Vredendal.

**Wyn:**

P. Sutherland, Parow.
C. M. le Roux, Bonnievale.
Paul Roux, Franschoek.
C. Braxton, Edgemead.
Mev. J. Steenkamp, Goodwood.
Mev. M. A. Smuts, Claremont.
F. A. Haddad, Dewetsdorp.
Mev. A. C. Coetzee, Heidelberg.
Mev. C. E. P. van Niekerk, Parow.
Mej. M. Horne, Malmesbury.
Mej. E. M. Tuck, Brackenfell.
Mev. T. Landsberg, Montagu.
L.C. Palm, Somerset-Wes.
Mev. M. Swart, Stellenbosch.
P. J. van der Merwe, Port Elizabeth.
Mev. J. Layman, Cloetesville.
L. Goodman, Laingsburg.
D. F. Walters, Stellenbosch.
Mev. H. van Wyk, Stellenbosch.
Mev. B. J. Brandt, Stellenbosch.

Al dié pryswenners sal binnekort per pos in kennis gestel word, en hulle sal dan hul pryse ontvang.

## MMK-Verrassing

DIE MMK beplan vir Saterdag, 15 Mei, hulle eerste Verrassingslopie, of "Surprise Run". Al wat die lede weet, is dat hulle ongeveer 40 km na hul bestemming sal aflê en dat hulle R6,00 moet saamneem. Dit is die eerste keer dat die MMK vanjaar so iets aanpak.


**OCTOPUS-disko te koop**

2 Volledige disco-eenhede plus naam ("good will") plus plate en bykomstighede

★ ★


**Prys: R2 500**
**(of naaste kontantaanbod)**
**Kontak: KOBUS LE ROUX**
(021) 931-9997 (na ure)



ONTMOET U VRIENDE VIR DIE BESTE KOPPIE KOFFIE IN DIE DORP, BY

MEET YOUR FRIENDS FOR THE BEST COFFEE IN THE VILLAGE, AT

d'Ouwe Werf
KOFFIETUIN/COFFEE GARDEN




Bedien middagete tussen 12 en 2

R2,50

# Blaas-blaas na 'n groot oorwinning

DIE US-Blaasorkes het op Saterdag, 1 Mei op oortuigende wyse die SAMRO-skild vir die beste orkes in enige klas by die Kaapse Eisteddfod verower.

Die blaasorkes het ook 'n diploma verwerf vir hul uitstaande standaard en afronding. 'n Beoordelaar uit Johannesburg het die volgende van die uitvoering gesê: "The band has an outstanding, well balanced sound throughout, Observance of the dynamics, phrasing and interpretation was faultless and I was tempted to just sit back and enjoy the performance . . ."

Die orkes het Vrydag, 7 Mei in die Endlersaal opgetree. Die begaafde klarinetsoliste, Kathryn Harington, se spel in die Weber Concertino vir klarinet en orkes was deurgaans musikaal en veral in sommige vinnige passies het sy bewys dat sy tegnies vaardig is. Die uurkonsert het bestaan uit ligte-klassieke werke, onder andere 'n pragtige verwerking van Cole Porter-melodieë, 'n beroemde ouverture van Rossini en marse.

### STANDAARD

Die standaard van die orkes toon sedert die stigting ses jaar gelede, 'n merkwaardige verbetering en toenemende verdieping in musikaliteit. Die hantering van die ritmies-problematiese Cole Porter-verwerkings dien as voorbeeld hiervan.

Die senior burgers van Langverwag, Azaleahof en Utopia is uitgenooi om die konsert gratis by te woon.


**Elize Barnardt**



DIE US-Blaasorkes o.l.v. dr. Paul Loeb van Zuilenberg.

# *Blommekuns gedy in Botaniese Tuin*

VAN eerskomende Maandag, 17 Mei, tot Saterdag, 22 Mei word 'n tentoonstelling van skilderye, veral van veldblomme van die Kaapse Vlakte, deur mev. Elize Bodley van Wyk in die ateljee in die Botaniese Tuin gehou.



DIE ateljee in die Botaniese Tuin.

Die kurator van die Botaniese Tuin, mnr. W. J. Tijmens, is opgewonde oor die aangeleentheid. Volgens hom weet gans te min mense, veral studente, wat in die Botaniese Tuin aangaan. Die Tuin kry wêreldwye erkenning vir allles wat daar gedoen word, maar díe studente weet niks daarvan nie. Die tentoonstelling is een van die baie dinge wat die Tuin aan die besoeker bied. Daar gebeur daagliks iets, al is dit net die "Lithops" wat blom en lopende water wat 'n mens tot rustigheid stem.

### EKSOTIES

Die uitstalling sluit illustrasies vir die voorgenome boek *Flora van die Kaapse Vlakte* (vir die Universiteit van Wes-Kaapland) en illustrasies vir *Common Weeds of the Western Cape* in, asook ander skaars en eksotiese plante wat deur mnr. Jim Holmes gekweek is.

### BOOMPIES

Daar is 'n interessante tentoonstelling van Bonsai-boompies. Dié kuns word al vir eeue deur die Japannese beoefen. Dié uitstalling van die Bonsai-boompies is volgens die ware Japannese tradisie en wanneer 'n mens by die houtgeboutjie inloop, sal niemand daaraan dink dat 'n mens op Suid-Afrikaanse bodem staan nie. Die tipies Japannese watertuintjie en Bonsai-boompies is iets wat geen besoeker aan die Tuin behoort mis te loop nie.

# Kunskalender

**KUNSMUSEUM VAN U.S.**

5.4 -16.5.1982: Tentoonstelling van werke deur Claude Boucherain.

**EDRICH-KUNSLOKAAL:**

11.5.-22.5.1982: Tentoonstelling van olieverfskilderye deur Kobus Louw.

**KONSERVATORIUM: SONDAGAANDUITVOERINGS**

16.5.1982: Musiek van Karlheinz Stockhauzen en Roelof Temmingh sal deur 'n ensémble bestaande uit Konservatoriumstudente en -personeel uitgevoer word.

23.5.1982: Die U.S. Junior Strykorkes onder leiding van Eric Rycroft.

**BAXTER-KONSERTSAAL:**

22.5.1982: MUSIC IS FUN (BRASS), die eerste van 'n nuwe reeks van agt van hierdie baie gewilde konserte.

27.5.-12.6.1982: OH COWARD! onder leiding van Freddie Carpenter, met Judy Page en Richard Loring.

**NICO MALAN-TEATER:**

8.5.-5.6.1982: GIGI met Marilyn Bennett, Michael McGovern, Graig Gardner, Désirée Talbot en Diana Allen. Musiek: Frederick Loewe. Boek en Lirieke: Alan Jay Lerner. Regie: David Matheson. Musiekregisseur: Christopher Dowdeswell.

**NICO MALAN-OPERA HUIS**

17.5.-28.5.1982: Dubbelaanbieding. CAVALLERIA RUSTICANA (komponis: Mascagni) met Marita Napier, Bruno Sebastian, Guiseppe Scandola en Andrea Catzel. Dirigent: David Tidboald. Regisseur: Angelo Gobbato.

I PAGLIACCI (Komponis: Leancavallo) met Alberto Remedios, Rikie Venter, Guiseppe Scandola, Dewet van Rooyen, Manuel Escorcio en Sidwill Hartman. Dirigent: David Tidboald. Reggiseur: Angelo Gobbato.

**BAXTER-TEATER:**

6.5.-22.5.1982: FIFTH OF JULY (deur Lanford Wilson) met Eckard Rabe. Regisseur: Nikolas Simmonds.

**BAXTER-STUDIO:**

13.5.-29.5.1982: DONKEY'S YEARS (deur Michael Frayn) met die Monterey en Pilgrim Spelers. Regisseur: Brenda Gray.

**NICO MALAN: BALLET:**

29.5.-5.6.1982: VYF HERFSBALLETTE met die volle Balletgeselskap en genooide kunstenaars, Galina Panova en Tom van Cauwenbergh.

**CINE 1:**

12.5.-15.5.1982: ABSENCE OF MALICE met Paul Newman, en Sally Field.

15.5.1982: RETURN OF THE PINK PANTHER met Peter Sellers.

17.5.-22.5.1982: BUTTERFLY met Stacy Keach en Pia Zadora.

22.5.1982: THOSE MAGNIFICENT MEN AND THEIR FLYING MACHINES.

24.5.-26.5.1982: CHARIOTS OF FIRE en John Guilgud.

27.5.-29.5.1982: MODERN PROBLEMS met Chevy Chase, Dabny Coleman.


PT

# KIES 'N LOOPBAAN

DATUM 18 Mei 1982 TYD 10hoo-16hoo

LOKAAL BURO vir STUDENTEVOORLIGTING

Kamer 1002

LOKAAL INGENIEURS FAKULTEIT

Kamer 218

**Kwalifikasies:**

**B.Sc. (Elektrotegnies — Swakstroom, Elektronies, Meganies)**

**Loopbaan:** ..................**Ingenieur**

| **Kwalifikasies:** | **Loopbaan:** |
|---|---|
| B.Sc. (Rekenaarwetenskap)<br>B.Com. (Rekenaarwetenskap) | Elektroniese Dataverwerking |
| B.Sc. (Wiskunde, Statistiek)<br>B.Com. (Statistiek) | ..........................Statistikus |
| B.Com. (Ekonomiese Wetenskappe) | ............Interne Ouditeur |
| B.Com. (Bemarking, Bedryfsekonomie) | ......................Bemarking (Telekommunikasie) |
| B.Com. (Bedryfsielkunde, Bedryfsekonomie)<br>B.A.<br>B. Admin. | ......................Werkstudie |
| B. Admin.<br>B.A. | ....................Administratief |
| B.A. (Hons.) (Sielkunde) | ..........................Psigometris |

# perspektiewe en dinge

OOR teenstrydighede en dinge:

*Niks hang so rooi soos 'n wingerdblaar by Hexrivier* het Boerneef op 'n tyd gesê. Die rubriekskrywer sit met een in sy hand: vyf uitwaartse punte, soos 'n verwronge ster van Dawid. Gehou teen die lig, kry die blaar die dieprooi blos van 'n kind wat in die son gespeel het. Die herfs op Stellenbosch konformeer tot een enkele kleur: die karmasynrooi van Pectora Roborant Cultus Recti.

En dan besef 'n mens die teenstrydighede in 'n enkele kleur. Van 'n liniese *"jy laat die grys van gister rooi en donker klowe blom"* tot 'n onheilspellende *"bloed in die water en bloed in die laan"*. Die rooi trots van die Britse monargie teenoor die Kremlin in rooi getooi vir Meidag. Die reddingsimbool van die Rooi Kruis teenoor die verskrikking wat skuil in die Rooileër.

Daar is interessante parallelle: 'n rooi doek word gebruik om 'n bul met woede te inspireer; rooi lippe en selfs rooilig-buurtes trek mans magneties aan. Rooi staan vir

**japie pienaar**

gevaar, stop, hou op en pyn. Tog klink ons 'n glasie Zonnebloem Cabernet op die Boland en die liefde. Die keuse binne hierdie spektrum is dus u eie: vanaf *"Rooi Rose"* tot *"Red is ' mean mean colour"*.

Soos by 'n goeie preek volg die toepassing nou: Rooi is as kleur 'n faset van die werklikheid. Dit is nie 'n abstraksie waaroor daar veralgemeen kan word nie. Elke mens kyk daarna met sy eie oë en beleef die kleur op 'n unieke en eiesoortige manier. Die probleem is egter dat mense dikwels weier om te glo dat iemand anders se (legitieme) siening van die werklikheid geen bestaansreg het nie.

Op Stellenbosch is daar 'n horde dergelike kontensieuse aspekte van die werklikheid. Die Vereniging vir die korrekte uitdra vir Stellenbosch se Beeld, o.l.v. Vermolen se Gans, glo dat hierdie koerant 'n skewe beeld van die Universiteit die wêreld instuur. As die "werklikheid" gelyk is aan die somtotaal van feitelike gegewens, kan hier berig word oor die buiteegtelike geboortesyfer en aborsie wat onder studente voorkom, en dan gesels ons weer.

Een uitvloeisel van bg. verskynsel is kultureie- en werklikheidselfsug. Die eie ideologie word as absoluut en universeelgeldend gesien. Gevolglik word Sondagsport bv. voor die voet veroordeel, al speel swartes al vir veertig jaar sokker op Sondae. 'n Sondagklousule vir Geloftedag word in miljoene se kele afgedruk wat niks daarmee te doen het nie.

Soms raak die teenstrydighede verbluffend. Die Poolse beweging Solidariteit word ter plaatse geloof, en terselfdertyd word Romeine 13 aangehaal as vakbonde hier moeilik raak. 'n Afrikaanssprekende Bruinman, lid van die N.G. Kerk word as 'n bedreiging vir hierdie Universiteit se "Afrikaanse karakter" gesien, terwyl 'n Rooms-Katolieke Griek wat 'n paar maande in Suid-Afrika woon, met ope arms verwelkom word.

Miskien skep ek die indruk dat slegs my eie samelewing hom skuldig maak aan pampoenbrillery. Natuurlik nie. Na Suid-Afrika, die Afrikaner en Stellenbosch word daar met net so veel vooroordeel en valsheid gekyk, maar dit is geen verskoning om nie self-krities te wees nie. 'n Absolute geloof in jou eie korrektheid kan jou suur bekom, soos die Duitse geskiedenis onteenseglik bewys.

Na die toepassing, die goeie raad: Die ideaal is dat elke mens die sonderlinge vermoë ontwikkel om hom vanuit sy eie werklikheidsituasie te verplaas na 'n ander. So moet 'n Stellenbosse student probeer verstaan hoe dit voel om 'n derderangse of geen burgerskap te hê nie, om onder 'n magdom wette te lewe wat elke duim van jou lewensruimte inperk en jou menswaardigheid in elke moontlike opsig aantas. Dan moet hy konsekwent wees en homself afvra of daar werklik 'n groot verskil tussen Nelson Mandela en Jopie Fourie is. Maar ek wonder ook of die hoogheilige profete teen die Afrikaner in laasgenoemde se posisie nog "moraliteit" as eerste prioriteit sal stel. Ek is skepties.

Steeds val die blare meedoënloos op Stellenbosch, want dit is herfs en die Suid-ooster het genadiglik opgehou waai.

## Pandora's Box



"WHERE ARE WE GOING" ASKED PIGLET
"NOWHERE" SAID POO
SO THEY ALL STARTED GOING

# Alfa en Oméga...



*O God, ek dank u dat ek nie soos ander mense is nie — rowers, onregverdiges, egbrekers, of ook soos hierdie tollenaar nie. Ek vas twee keer in die week, ek gee tiendes van alles wat ek verkry.*

*En die tollenaar het ver weg gestaan en wou selfs nie sy oë na die hemel ophef nie, maar het op sy bors geslaan en gesê: O God, wees my, sondaar, genadig!*

*Lukas 18:11-13*

# Volledige skeiding is nie moontlik

DEUR te fokus op die Suid-Afrikaanse ekonomie en samelewing, het die SP hom vereenselwig met 'n politieke verklaring soos deur Nick Barnardt, SR-tesourier, en Deon Rossouw, SR-lid vir Verenigings, voorgestel is. Hieronder volg 'n verkote weergawe van die mosie se hoofpunte.

**Uit die SR en SP**

DIE SP het 'n uitgebreide politieke verklaring aanvaar tydens 'n vergadering wat die SR-voorsitter, Stephan Spies, as 'n moontlike "waterskeiding" in die politiek op Afrikanerkampusse bestempel het. Nick Barnardt, SR-tesourier en voorsitter van die SR-komitee vir Politieke Studies, het die mosie voorgestel wat betrekking het op die breër Suid-Afrikaanse samelewing. Deon Rossouw, SR-lid vir Verenigings, het dit gesekondeer.

In hul motivering het hulle na Suid-Afrika se ekonomiese posisie verwys en gesê dat volledige politieke skeiding onmoontlik is.

Nadat die bespreking meer as negentig minute geduur het, het 44 lede t.g.v. die mosie gestem, 4 daarteen en 4 het buite stemming gebly.

### LANGBROEKE

Anneke Oosthuizen, SR-lid vir Huis de Villiers, het voorgestel dat die SP aanbeveel dat dames op Sondae tydens aandete langbroeke in die eetsaal mag dra. Sarita Hauptfleisch, SR-lid vir Studente en Akademiese Belange en voorsitster van die Prim-komitee, het 'n afstapmosie ingedien. Sy wou nie die SP met die Prim-komitee laat oorvleuel nie, aangesien laasgenoemde komitee se geloofwaardigheid benadeel kan word. Die afstapmosie is verwerp en 'n toevoeging is gemaak dat dames ook met middagete op Sondae langbroeke in die eetsaal mag dra.

### PRIVAATMOSIES

Die SP-Ordereglement soos aan lede voorsien, is goedgekeur. Die reglement voorsien vir privaatmosies deur lede van die Studente-Unie wanneer hulle so 'n behoefte het. 'n Privaatmosie vereis minstens 25% van 'n betrokke kiesafdeling se handtekeninge of 100 handtekeninge in die geval van privaatwyke. Die voorsteller van die mosie kan persoonlik sy saak voor die SP kom stel.

Na 'n lewendige bespreking om die punt "Rook" in die Ordereglement, het lede teen rook tydens SP-vergaderings gestem.

Jan Woest, SR-lid vir Karnaval en USKOR, en Kobus du Toit Bosman, 1982-Karnavalvoorsitter, is aangestel in die komitee van ondersoek na Karnaval.

Tydens die vorige SR-vergadering is die begroting vir 1982/83 soos deur die Tesourier voorgelê, goedgekeur. Die aansoeke van die Studente-KJA, Musicultus en die Skakelkomitee van die Fakulteit van Opvoedkunde om erkende verenigings te wees, het geslaag.

Die Raad het 'n ooreenkoms met 'n maatskappy wat video-spele bemark, goedgekeur. Die LSS-komitee en die SR-lid vir die LSS, Panayiotis Stais, beoog die spoedige installering van die spele in die Neelsie.

### KONVENOR

Tielman Roos, leier van die tweedejaars in Dagbreek, is aangestel as die Sentrale Stembuskonvenor vir die komende SP- en SR-verkiesing vroeg in die derde kwartaal.



Paratus

## POLITIEKE VERKLARING

# *Medeseggenskap vir alle groepe*

Die SP bevestig sy hoogste trou aan die R.S.A. en die oorlewing van al sy mense. Alle pogings om 'n ordelike, produktiewe en regverdige samelewing in die land te skep, word gesteun en studente moet hulle daarvoor beywer. Hopelik sal partypolitieke verskille tussen blankes (veral Afrikaners) nie die strewe van ander bevolkingsgroepe om hul belange te beskerm, vernietig nie.

Orde en veiligheid is noodsaaklik vir die doelwitte wat die SP uiteensit. Veiligheidsmaatreëls is nodig in die lig van pogings om die R.S.A. te ondermyn, maar moet menswaardig en regverdig toegepas word. Die publiek behoort meer inligting oor die veiligheidsituasie te hê asook redes vir buitengewone optrede deur veiligheidsdienste. Ekonomiese produktiwiteit is nodig vir individuele vryhede, groepsregte en effektiewe politieke mag. Volledige politieke skeiding is onmoontlik in die lig van ekonomiese prioriteite, maar volledige intregrasie is ongewens.

Die inherente gelykwaardigheid van alle mense en volke in die R.S.A. word erken. Gelyke geleenthede vir sosio-ekonomiese ontwikkeling, onderwys en opleiding word onderskryf.

Die blanke en die Afrikanerkultuurgroep het 'n onmisbare rol in Suid-Afrika. Affektiewe politieke seggenskap vir blankes en medeseggenskap vir ander groepe is nodig vir orde, regverdigheid en almal se voortbestaan. 'n Mate van afsonderlikheid help selfbeskikking aan en voorkom volledige integrasie.

Die behoefte vir 'n nuwe grondwetlike bedeling wat minstens blankes, bruines en Asiërs betrek en waar besluitneming op die hoogste regeringsvlak kan wees. Elke groep moet egter afsonderlik enige grondwetlike verandering goedkeur.

Daar is steun vir pogings om groter outonomie aan stedelike swartes te gee. Hierdie mense moet inspraak hê in enige oorkoepelende politieke liggaam wat vir S.A. beplan word.
Kontak met die swart nasionale state moenie kunsmatig bevorder word of 'n middel wees wat politieke inspraak van swartmense ontneem nie.

Swart verstedeliking is onvermydelik en maatreëls is nodig om ongerief en ontbering vir swartmense te voorkom. Volgehou samewerking, raadpleging en onderhandeling tussen leiers van alle groepe word bepleit vir die beplanning van breë landsbeleid, byvoorbeeld veiligheid, ekonomie, desentralisasie, onderwys en behuising.

S.A. moet as deel van Afrika goeie verhoudinge met die kontinent en subkontinent hê.

### UNIVERSITEITE

Alle universiteite in S.A. moet bogenoemde punte bevorder. Afrikaanse studente kan help om kontak, begrip, en aanvaarding tussen studente van verskillende volke te skep en aan 'n gesamentlike Suid-Afrikaanse patriotisme te werk. Die kulturele isolasie tussen studente en jongmense van verskillende groepe in S.A. moet teengewerk word.

Laastens verbind die SP hom aan die leiding en beskikking van God om die land en sy leiers te begenadig.

# Weermag-invloed neem sterk toe

**VIR die meeste van Stellenbosch se "Hervormers" het die breuk in die Nasionale Party die einde van 'n ideologiese krisis, en van die afgelope paar jaar se stilswyende onsekerheid, beteken. Die inhoud en styl van formulering van die politiek-gerigte mosie wat op 6 Mei deur die SP aanvaar is, is maar een van baie illustrasies hiervan. Die ou toekomsoptimisme is weer met ons — "Nou sal PW-julle wys!" Braaivleis, Rugby en *Sonskyn* kan weer met suiwere gemoedsrus geniet word.**

Maar terwyl die menigtes met oogklappe aan na gerusstellende "verandering" — geluide om ons luister, is die meer realistiese militêre strategete besig om vir 'n *burgeroorlog*, of vir wat hulle 'n "area-oorlog"

**MENINGS-AKTUEEL**

noem, voor te berei. Volgens die hoof van die SAW, genl. Constand Viljoen, "het die omstandighede in Suid-Afrika verander. Een van die nuwe vereistes wat dus ontstaan is die van area-verdediging . . . mense wat in 'n area woon, moet georganiseer word om hulself te verdedig" *(Financial Mail*, 15.01.82).

Oorlog kom dalk voorstoep toe en die volk moet hiervoor voorberei word.



Financial Mail

Suid-Afrika ondergaan op 'n hele aantal vlakke 'n militariseringsproses: sedert 1960 het die aantal rekrute in die SAW met 1500% toegeneem, terwyl die jaarlikse uitgawes aan verdediging met ongeveer 6100% gestyg het *(Financial Mail*, 02.04.82). Ten spyte van hierdie toegewings dring militêre leiers steeds op meer aan, en hulle sal dit kry.

### MAGSPOSISIE

Daar is duidelike tekens dat die invloed van die SAW op politieke besluitnemingsvlak drasties toeneem. Verskeie waarnemers het al hieroor gespekuleer, en stellings soos "die Suid-Afrikaanse generale staan nou in 'n magsposisie wat ongeëwenaar is in die sg. 'vrye wêreld'" som hul standpunt op *(Cape Times* 23.04.81). 'n Veelseggende feit is dat, toe genl. Magnus Malan in die Parlement hieroor uitgevra is, hy onnodig skerp gereageer het. Hy het uiteindelik, volgens die vraesteller, mnr. Roger Hulley, die vraag onbeantwoord gelaat.

### STAATSGREEP

Daar is ook, op partypolitieke vlak, regses wat ongemaklik begin voel. Op 21 April vanjaar wou mnr. Koos van der Merwe (KP, Rissik) van Malan "die versekering hê dat hy nie gaan toelaat dat die weermag deur die Regering misbruik gaan word nie".

Hy wou ook die versekering hê dat die gerugte van 'n staatsgreep onwaar is. Weer eens het Malan nie geantwoord nie. *Die Burger* 22.04.82). HNP-retoriek is ook vol van beskuldigings dat die regering en die weermag saamwerk — mnr. Jaap Marais het verlede jaar op Stellenbosch beweer dat die regering die oorlog gebruik as hefboom om toegewings te maak *(Die Matie*, 17.09.81).

### OORLOG AANVAAR

Oorlog is reeds 'n aanvaarde deel van die lewe van die "blanke" in Suid-Afrika. Die meeste van ons het 'n vriend of familielid wat diensplig doen en baie het 'n aandeel in die SAW in die vorm van bonus-obligasies. Die kultuur waarop die Afrikaner so trots is, het lank reeds voorsiening gemaak vir die uiteinelike "alternatief" van militêre konfrontasie. Maar teen wie? Ook hier word algemeen (onder blankes) ooreengestem: "die kommunisme", "Moedertjie Rusland" *(Die Burger*, 22.04.82) of "pogings — binnelands en buitelands — om die RSA te ondermyn" (SP-mosie, 06.05.82) word gewoonlik as antwoord gegee. Viljoen deel hierdie siening. Hy beskou "swart

**Kobus van der Merwe, 'n BA-student, skryf oor die "toenemende militariseringsproses wat op baie vlakke plaasvind."**

nasionalisme" as 'n sekondêre faktor wat deur die Eerste Minister se inisiatiewe geakkommodeer kan word: "Dit is ons werk om die vrede te bewaar terwyl die Eerste Minister met sy taak voortgaan" *(Financial Mail*, 15.01.82).

### OP ALTAAR

Maar konsensus hieroor, selfs onder die Afrikaners, is nie absoluut nie. Vroeër vanjaar het daar 'n brief in *Rapport* verskyn waarin 'n Stellenbosse student (hy noem homself 'n "denkende Suid-Afrikaner") weier om sy "kosbare godgegewe lewe op die altaar van politieke waansin" neer te lê deur enige diensplig te doen. Hy sluit af: "Moenie hieroor lag nie, daar is baie van ons en ons vra: moenie ons tot 'n keuse dwing nie. Die keuse is reeds gemaak."

### SIMBOOL

Vir die Suid-Afrikaners wat die SAW as 'n simbool van onderdrukking sien, is daar in hierdie verband geen twyfel nie. 'n Indiërstudent het onlangs op die Ikeykampus gesê dat, "indien 'n mens die honger duisende, die stemlose massas en die politieke gevangenes kan ignoreer, dan kan mens in die SAW diensplig doen". In sy eie woorde: "What the hell are we fighting for?" *(Comment*, 05.04.82).

### BERUG

Die ontevredenheid en haat van die onderduktes in Suid-Afrika word nie van Moskou of Peking af ingevoer nie — dit ontstaan op die fabrieksvloer, op straat en in die "lokasie".

Dit ontstaan hier in Suid-Afrika, vanweë die strukturele onderdrukking en ekonomiese uitbuiting waarvoor ons stelselmatig besig is om berug te word.

## Cillié

VERVOLG VAN BL. 8

is tussen individue of binne klein groepe, waar ware meningswisseling en beïnvloeding plaasvind. Só word groot vernuwende bewegings, sy dit polities, maatskaplik of kerklik, stewig gebou: deur tweegesprek, huisbesoek, groepsbesprekings. Die veranderinge van gemoed wat Suid-Afrika nodig het, is sò fundamenteel dat dit ook op die vlak van die individu en die gesin aangepak moet word.

### KERK

Die Kerk kan 'n magtige rol vervul; skole en universiteite uiteraard ook, want hulle het die vermoë om die mense een-een te bereik. Die koerante kan daardie vermoë by hulleself versterk deur hul lesers méér te sien as individuele mense en nie as 'n amorfe, gesiglose massa nie. Die leser moet kan terugpraat en vrae stel. Dit is nie toevallig dat die koerant wat algemeen beskou word as die invloedrykste in die land, ook die beste en lewendigste meningsrubriek publiseer nie.

As die taak voor ons vir u te oorweldigend lyk, vra ek u om te kyk na wat ons sportlui, van alle mense, in die afgelope anderhalwe dekade bereik het op die gebied van beter gesindhede en samewerking en samespel tussen verskillende volksgroepe. Dit het met stampe en stote gegaan, en gaan dikwels nog so, maar vir ons van 'n ouer geslag is die verandering byna ongelooflik — en dit is grootliks verandering ten goede.

Ek glo nie dat ander nodige veranderinge in breë trekke anders gaan verloop nie. Dit gaan nie dae, weke of maande kos nie. Dit gaan oor jare strek, met vordering afgewissel deur pynlike terugslae. Die stigting van die HNP was so 'n terugslag, dié van die KP nog een. Ek het dit "maar die begin van die smarte", genoem. Hy wat na 'n draagliker orde op aarde strewe, moet bereid wees om tragedie te verduur. Maar hy moet ook nie martelaarskap en kruisiging soek nie.

### LEIER

As hy 'n leier wil wees, moet hy na sy beste vermoë sy volgelinge by hom hou en nuwes win. As hy faal in sy goeie strewe, moet hy berus in die wete dat die nie sy Suid-Afrika of sy heelal is nie — God regeer.

***Dink u nie dat die rol van koerante beperk is wat hul invloed binne die samelewing betref nie, veral aangesien die meeste mense 'n koerant se standpunt verwerp as dit teen hul emosionele opvattinge indruis?***

Oor die invloed van koerante in die openbare lewe kan ons dae aaneen gesels: dit is een van daardie vae begrippe waaroor eindeloos geredeneer kan word omdat dit wesenlik so onmeetbaar is. Myns insiens word die pers se mag en invloed gewoonlik oorskat, ook deur die pers self. Grootheidswaan is endemies in die koerantwese. Die HNP is gestig en het gegroei téén 'n feitlik eenparige koerantverset, en vandag staan die hele "groot" pers vyandig teenoor die denkrigting van die KP. Aan die ander kant het dr. D. F. Malan se "Gesuiwerde" Nasionale Party ná 1934 die beste gevaar in die twee provinsies waar 'n gevestigde Afrikaanse dagblad hom van die begin af gesteun het. In die hervorming van gemoedere het die koerante 'n belangrike rol te speel, op sekere oomblikke miskien selfs beslissend, maar die meeste skyn nie die aard van hul mag, en veral die beperkinge daarvan, goed te begryp nie.

***Wat is u mening oor die moontlikheid van die oopstelling van die Universiteit van Stellenbosch?***

Ek was nog nooit ten gunste van oop universiteite ter wille van oopheid nie. Ek is ten gunste van 'n groter verskeidenheid van studente, veral op nagraadse vlak, en ek sou graag die beskeie getal bruin en swart studente wat nou hier studeer, wil sien groei, onderworpe net aan die keuring van die Universiteit self. Ek het al een knap bruin student die wêreld ingestuur, en hy is vanjaar ingeskryf vir 'n M-graad; maar my pogings om nog bruin studente te trek, het tot dusver nie geslaag nie. Die redes is gekompliseerd en verdien 'n aparte, liefs vertroulike bespreking. Emosionele openbare agitasie vir en teen 'n "oop" US het myns insiens weinig deug.

pikkie blommaert
mansuitrusters • men's outfitters

PIET SE FIETS
Andringastraat
STELLENBOSCH
Tel. 7-3042

# In 1878 het Edison, die wetenskaplike, die wêreld in 'n nuwe lig gestel . . .

# . . . in 1982 gee Evkom se wetenskaplikes krag vir 'n nuwe wêreld



Die pas van vooruitgang in die wêreld van krag versnel voortdurend. Elektrisiteit het die wêreld verander sedert Thomas Edison laat in die 19e eeu die weg vir vonktransmissie, die gloeilamp en ander verstommende energie uitvindinge gebaan het. In die laaste kwart van die 20e eeu span skeppende talent saam om nuwe bronne te benut wat in die groter behoeftes van 'n veranderende wêreld moet voorsien. Die wetenskaplikes by Evkom — die kragreus van Afrika — staan aan die spits van 'n vernuftige span wat die jongste wetenskaplike ontdekkings en ontwikkelings in die kragbedryf toepas om brandstof vir Suid-Afrika se kragstasies van die toekoms te verskaf. Kernkrag en steenkool is die belangrikste brandstowwe wat sal help om ons elektrisiteit op te wek. Teen die jaar 2000 sal elektrisiteit na raming 40% van ons totale energiebehoeftes verteenwoordig. Ons fisici, skeikundiges en metallurge moet die energie so effektief en ekonomies moontlik benut. Dit is maar slegs 'n deel van die uitdaging wat Evkom bied. Neem die uitdaging in ons wêreld van kragwetenskap aan. Gesels met ons.
Tel. (011) 800-3304.

ESCOM · EVKOM

Die bron van krag

**EVKOM**

KMP-Compton 9782

# Europa-toere spesiaal ontwerp vir die arm student



DIE toenemende voorspoed van vandag se studente word nie slegs gemanifesteer deur blink BMW's en duur etes in "The Place" nie, maar ook deur 'n drang by studente om Europa te gaan verken. Hoewel Matietoere reeds jare lank gewild is, is daar tog diegene wat die ding graag op hul eie — en so goedkoop as moontlik — wil doen.

Die twee grootste probleme is gewoonlik geld en tyd. Die beste tyd vir 'n Europese toer is die somer — ons wintervakansie. Die beperkte tyd en die kommunikasieprobleme in veral die suide van Europa laat die skaal in die guns van 'n georganiseerde toer swaai.

### UITGAWE

Die grootste uitgawe is die vliegkaartjie. Die Luxemburgse lugdiens, Luxavia, is bekend vir goedkoop tariewe (tans tussen R800 en R900 retoer). Hierdie diens opereer slegs tussen Johannesburg en Luxemburg. 'n SAL-vlug volgens die Apex-skema sal dalk uiteindelik nie veel duurder uitkom nie en aangesien die meeste toere in Londen begin, sal dit ook tyd bespaar. 'n Kaartjie volgens hierdie skema kos tans R1 227 en moet ten minste drie maande vooruit bespreek word.

Londen self is 'n ondervinding — en nie noodwendig duur nie.

### LONDEN

Tientalle hotelletjies, veral in die omgewing van die bekende Victoria Cross-stasie, bied 'n bed en Engelse ontbyt vir twee vir so min as R15,00 per nag, aan. Hier moet 'n mens ook nie skaam wees om 'n verlaging te vra nie — kompetisie tussen oornagplekke is sterk.


Die mees bekende en gewilde studente-reisagentskap in Europa is Contiki - 'n Australiese organisasie met sy hoofkantoor in Londen.


Hierdie toere het 'n ouderdomsbeperking van agtien tot vyf-en-dertig jaar — die ideale geleentheid om jongmense uit letterlik al die dele van die wêreld — en ook 'n paar Maties — te ontmoet. Toere word die hele jaar lank na al die dele van Europa aangebied en wissel van agtien tot vyf-en sestig-dae. Een van drie soorte toere kan gekies word: hoteltoere, kampeertoere en toere waar daar oornagplekke is. Die interessantste is: n stokou chateau in Lyons (wat met 'n eie disko spog), 'n twaalfde-eeuse villa in Florence (wat voorheen 'n afrondingskool was wat onder andere deur pres. Ford se dogter bygewoon is) en skihutte in Oostenryk en Switserland.

Ook die tente en kampeerplekke is aangename verblyfplekke. Drie etes per dag is by die toerprys ingesluit, maar daar word van toerlede verwag om hand by te sit met die voorbereiding van kos en die opwassery. Af en toe kan die tradisionele geregte van 'n land ook geproe word. 'n Gerieflike toerbus met 'n bandspeler en lugverkoeling dien as vervoermiddel.

'n Drieweeklange toer waartydens nege lande besoek word, kan so min as R600 kos. Die hoeveelheid sakgeld wat 'n mens moet saamneem, hang van jouself af, maar as jy die gordel nie te styf wil intrek nie, moet dit nie minder as R80 per week wees nie. Contiki-toere word ook in die Britse eilande en die VSA aangebied. Die toer, die "Morning Song" en oorsese vriende sal lewenslank onthou word.

Dit is ook raadsaam om 'n "International Student Indentity Card" (teen ongeveer ses rand) in die hande te kry. Die maklikste manier is om Ikeys se SR te kontak. En laaste, maar nie die minste nie — neem 'n goeie voorraad grieppille en ook raad vir 'n Europese maag, saam.



Max Collie, bekende hipnotiseur, het sy "slagoffers" aan sy voete gehad en die skare aan sy lippe. Dié optrede is deur 'n ondernemende Karnavalmeester aangebied.

# Is danse te duur, of is dit uit die mode?

DANSE is 'n diens wat aan die studente gelewer word. Wat is die rede dat tydens elke dansfunksie, ongeag karnaval-, huis-, intervarsity- of fakulteitdans, kaartjies onverkoop bly?

Reeds vroeg in die jaar het die karnavalkomitee kopgekrap oor die hoeveelheid danse, hoeveelheid kaartjies en die koste daaraan verbonde. Voorts krap elke organiseerder van 'n dans kop oor dieselfde aspekte. Dit is 'n risiko om 'n dans te reël, want by die meeste geleenthede moet op die nippertjie noodmaatreëls getref word om die koste van die dans te dek. Die karnavaldans in die Sanlamsaal moes op die laaste oomblik gekanselleer word om groot finansiële verliese te voorkom. So moes die Landbou-manne ingryp na die swak opkoms vir die Huishoudkundedans. Ook die Kroningsbal en verskeie huisfunksies van koshuise kan uitgelig word. Waaraan kan dit toegeskryf word? Aan die apatiese houding van die studentegemeenskap of aan die koste van die kaartjies wat bo die gemiddelde studente se inkomste is.?

Na aanleiding van 'n opname op die kampus is dit grotendeels die skoner geslag wat kla oor die pryse van die kaartjies in teenstelling met die mans wat dit uit 'n realistiese oogpunt beskou, met inflasie en kostestyging op die voorgrond. Baie mans beskou dit as 'n spesiale geleentheid om 'n meisie uit te neem. Die gemiddelde prys van danskaartjies beloop in die omgewing van R15. Is dit te veel vir studente?

Baie studente beskou die "Gat" as 'n ideale plek vir sokkies en informele funksies, maar dit voldoen nie aan die vereistes vir 'n formele dans nie. Wanneer 'n mens 'n formele huisfunksie bywoon, verwag 'n mens daardie ekstra "class" waar partytjiegangers ontslae is van nuuskieriges wat oor die muur hang. Verdere kritiek teen die "Gat" is die uitsluiting van private spyseniers.

Daar is natuurlik diegene wat inflasie met inisiatief aandurf en die hoër pryse van kaartjies die hoof bied.

# DASUS hou 'n "Bierfest"

OP Saterdag, 8 Mei was dr. Con Kruger se plaas buite Stellenbosch 'n deel van Beiere — DASUS het 'n tradisionele bierfees daar gehou.

'n Vat bier en tradisionele Duitse musiek het bygedra tot die vrolikheid. Etes teen R2,00 per bord het bestaan uit gebraaide hoender, aartappelslaai en "Brötchen". Toegang was 50c vir lede en R1,00 vir nie-lede. Mense in tradisionele drag is gratis ingelaat. Soos dit op 'n bierfees hoort, is daar ook gedans.

Vanjaar se fees is as 'n proefneming aangebied. Die sukses daarvan sal waarskynlik lei tot die aanbieding van meer feeste in die toekoms.



Die Duitsers weet hoe om Fees te vier: kos en bier was daar genoeg by die "Bierfest".

Nagwerk een lang gega-a-ap?



Bly wawyd wakker met Regmakers®

Nagwerk? Studeer of bestuur jy regdeur die nag? Kry Regmakers, die ligte opkikker-tabletjie wat jou wawyd wakker maak en op-en-wakker hou.

Regmakers®

Elke tablet bevat: Kaffeïne 150 mg.

5778/A LS-FCB

# CULEMBORG
## MATIES~TUKKIES RUGBY KOMPETISIE

## Wen 'n jaar se voorraad puik Culemborg wyne!

**1ste Prys — 120 liters**
**2de Prys — 60 liters**
**3de Prys — 20 liters**

**Plus 10 troospryse van 5 liters puik Culemborg wyne elk. Wenners sal elk 'n bewys ontvang wat by enige drankwinkel vir die pryse ingeruil kan word. Wenners sal Woensdag 30 Junie 1982 in die Pretoria News, Beeld, Die Matie en Die Perdeby aangekondig word.**

Om hierdie fantasiese pryse te wen skryf slegs die finale telling hier neer:

**MATIES** ______ **TUKKIES** ______

Skryf nou in nie meer as 15 woorde waarom jy van Culemborg wyne hou.

Ek hou van Culemborg wyne omdat ____________________

My naam is: ____________________

Adres: ____________________

____________________ Tel. Nr. ____________________




Stuur asseblief die koepon, om ons nie later as Vrydag 4 Junie 1982 te bereik nie, na:-

Culemborg Kompetisie
Posbus 246
WELLINGTON
7655

of plaas dit in die spesiale Culemborg houers wat tans by die Culemborg uitstallings in alle groot drankwinkels te Pretoria, Kaapstad en Stellenbosch te kry is.
Dis met trots dat die makers van Culemborg wyne die Maties-Tukkies wedstryd elke jaar borg. Hierdie jaar vind die wedstryd plaas op die 5de Junie te Loftus Versfeld, Pretoria.

Culemborg - die beste wyn om 'n wenspan mee geluk te wens.

'n Volledige reeks puik wyne wat met sorg vermeng is, is beskikbaar in 750 ml bottels, 1,5 liter kruike en 5 liter kartonhouers. Chenin Blanc, Colombar, Late Harvest, Stein, Rosé, Pinotage, Cinsaut, Crystal Blanc Sec, Rouge.

**Reëls**

1. Die personeel van Uniewyn, sy geaffilieerde maatskappye en advertensie agentskap mag nie aan die kompetisie deelneem nie.
2. Die beoordelaars se besluit is finaal. Geen verdere korrespondensie met die beoordelaars sal toegelaat word nie.
3. Daar is geen perk aan die hoeveelheid inskrywings wat elke persoon mag instuur nie.

## PUIK CULEMBORG WYNE

COORDINATION 468 A

*SQUASH:*

# New courts will open doors for 2 000 members

THE squash club has over one thousand members and fields six league teams. When the new courts are completed, the club will have room for a total of two thousand members.

The men field four teams. Stellenbosch lost many good players at the end of 1981 and consequently the first three teams are not winning many matches. These teams playing in the first, reserve and the 2B leagues respectively, have all won two matches and lost four. The top three players, Dave Bester, Charl Rorich and Flippie Ellis, are in line for one of the W.P. squash teams. Mark Engelbrecht (first year), Stan Voges (a theology student who played for Somerset West) and Jonathan Thompson (first year) are new players who have made it into the top ten.



FLIPPIE ELLIS

**LEAGUE**

The fourth team, which plays in the 4A Country League has won five and lost one match. The players at this level are strong enough to play in a higher league and the university itself has enough good players to field more teams at this level.

**WOMEN**

The women's section is stronger than it was in 1981. To date the first team which plays in reserve league, has won four matches and lost two. The team is relatively strong and should do well.

**WP**

Sandy Farell played for the WP colts team in April and no 2 Wendy Bendeman is currently playing particularly well. Tracy Jordan (first year) and Fleur Hanekom are also potentially good players. Their second team which plays in the third league, has lost all its matches. The team's captain said that this would not continue, because the team members have been working at their squash.

**COACHING**


Inter-hostel squash continues to reveal many people who could become good players if given some coaching. The top club players will be holding free coaching clinics for everybody on a regular basis. Watch the notice boards for details. Come and listen to their advice, it will enable one to improve one's squash. The new courts will be completed before the end of this quarter and will enable many more people to play. If there is enough interest the club wishes to enter more teams into the leagues next year.

**DETAILS**

The squash-court noticeboards could be watched for details. The women play on Monday- and Wednesday evenings between 6.30 pm and 8 pm and the men play on Tuesday and Wednesday evenings during the same hours.



DAVE BESTER



FRANCOIS PAUW

# Klein klub kan weer goed vaar

ALHOEWEL dit 'n redelik onbekende sportsoort in Matieland is, is daar vanjaar nuwe lewe en verblydende ontwikkelinge op die pluimbalfront.

Soos verlede jaar is daar weer drie Matiespanne in die Boland-liga ingeskryf.

Die seisoen het onlangs begin en omdat daar nog net 'n paar uitslae bekend is, is dit moeilik om 'n oordeel te fel.

In die superliga het die eerstespan se wedstryde baie gelykop verloop. Teen die Paarl was die uitslag 4-4 en teen Kuilsrivier het hulle met 3-4 verloor. Hulle was ongelukkig om teen 'n spanmaat van verlede jaar, Stanley Henning, te speel.



STANLEY HENNING

Hy het verlede jaar puik gepresteer en is in die SAU A-span opgeneem. Uitblinkers is Axel Rothauge en Susan Ferreira wat ook in 1981 die SAU A-span gehaal het.

**VERLOOR**

Die tweedespan sukkel om op dreef te kom en het 2-5 teen Brackenfell, 3-4 teen Paarl B en 2-5 teen Worcester verloor. Vanweë die toetsreeks kon hulle nog nooit volledige spanne in die veld stoot nie. Volgens die kaptein van die eerstespan, Hannes Visser, sal die nuwe kombinasie en nuwe talent soos S. Roux, R. Venter en P. Loubscher beslis beter vertoon namate die seisoen vorder.

Behalwe dat die klub vanjaar baie beter georganiseer is, is die eerste verskyning van 'n koshuisliga baie bemoedigend. Vyf dameskoshuise naamlik Minerva, Huis de Villiers, Harmonie, Lydia en Aristea, asook vyf manskoshuise naamlik Pieke, Eendrag, Helderberg, Simonsberg en Helshoogte is baanbrekers in hierdie liga. Interessante uitslae is Harmonie en Lydia wat gelykop speel (2-2), Helshoogte wen Pieke (4-0) en Helderberg klop Simonsberg (4-0).

Die spelers oefen Maandae tot Woensdae (7-9 nm.) in die D.F. Malansentrum.

Gedruk deur

*PAARLSE DRUKPERS (Edms) Bpk Jan van Riebeeckweg PAARL*

# *Bewonderaars optimisties ná bemoedigende tekens in atletiek*

WP-ATLETIEK het definitiewe tekens van verbetering getoon. Die afgelope seisoen het groot rede vir optimisme onder atletiekbewonderaars gebring. Veral die WP-Juniors, die WP-O.21's en die WP-Seniors het baie verbeter.

Die WP-Juniors het in Pretoria 'n rekordgetal van ses-en-dertig medaljes gewen. Dit vergelyk goed met die vorige jaar se negentien.

Die WP-O.21-span het met rasse skrede vooruitgegaan en sewe goue medaljes in Krugersdorp op die S.A.-Kampioenskappe gewen teenoor die twee goues die vorige jaar.

Die WP-Seniorspan het vier goue madaljes op Coetzenburg ingepalm teenoor die drie waarmee hulle die vorige twee jaar tevrede moes wees.

Vanjaar het die Maties twee juniorkampioene, vier O.21-kampioene en twee seniorkampioene opgelewer.

**REKORD**

Boonop het Joepie Loots die S.A.-rekord in die tienkamp twee maal oortref en is hy beloon met Springbokkleure. Dit was voorwaar 'n baie goeie seisoen vir Joepie en na die teleurstelling van verlede jaar, toe 'n besering hom baie gepla het, is hy vir sy harde werk beloon.

Pieter Roux het vir 'n Suid-Afrikaanse rekord in die paalspring vir seuns O.19 gesorg toe hy die S.A.-Kampioenskappe in Pretoria met 'n sprong van 4,75 m gewen het. Verder het Schalk Burger 'n Suid-Afrikaanse rekord in die vyfkamp vir seuns O.19 opgestel, maar moes dit later weer afstaan.

'n Ander Matie-atleet wat goed gevaar het hierdie seisoen, is Andre Franken wat die derde Suid-Afrikaanse atleet geword het om hoër as 5 m in die paalspring te behaal. Ander paalspringers wat help sorg het dat aldrie paalspring-S.A.-kampioene Maties is, is Louis van Zyl wat die o.21-kampioenskappe gewen het en Steve Hardison.

**GOEIE TYD**

In die middelafstande het Henning Gericke 'n baie goeie tyd van 3:39,9 in die 1 500m behaal. Verder het die gemiddelde van die vyf beste Matie-800 m atlete ook baie verbeter. In die 3 000 m hindernis het Johan Daffue nie die standaard van verlede jaar gehandhaaf nie, maar nietemin 'n goeie tyd behaal.

Die optimisme vanweë die verbetering in WP- en Matie-atletiek was dus geregverdig.

Passola



VIR DIE HAASTIGE STUDENT OP DIE KAMPUS

KAMPUS YAMAHA

BIRDSTRAAT, STELLENBOSCH
TEL. 7-3000

XEROX is hier!

VRIENDELIKE KOPIEERSENTRUM

(sonder gemors van muntstukke)

» Verkleinings
» Kopiëring op verskillende tipes materiaal
» Gehaltereproduksies van foto's
» Groot afdrukke
» Plus al die gewone kopieerwerk

CAPE OFFICE MACHINES (Pty) Ltd.

Viljoenshofgebou
Pleinstraat 65
STELLENBOSCH

(ingang tussen Coetzenburg Apteek en Pikkie Blommaert Uitrusters)

Agent vir
Dealer for RANK XEROX & XEROX

spesiaal vir studente 5 sent

